

Deel 7 “Gertrouheid is om eerlik en opreg en in die waarheid te lewe!”

Gal 5:22,23

Dins.15 Sep 2020

Lees: Deut 32:1-4, 5-6

Sing: Skrifberyming 20-1 “Barmhartig en getroue God, Beskikker van ons deel en lot...”

Gal 5:22,23 “Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeðhartigheid, **getrouheid**, nederigheid en selfbeheersing.”

Kan ons nog die regering vertrou? Kan ons nog die polisie vertrou? Kan ek jou vertrou? Is jy getrou? Is getrouheid deel van jou? Die lewe waarin ons vandag leef is nie meer kenmerkend van getrouheid en lojaliteit nie. Ons weet nie meer wie ons kan vertrou nie. Daar is eerder wantroue. Teenoor getrouheid staan ontrou. Betroubaar teenoor onbetroubaar. Daar is vandag baie wantroue in die wêreld.

As ons “**die Lied van Moses**” in **Deut 32** lees, lees ons onder andere die volgende:

Deut 32:4 “Hy is die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. **Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar.**”

Deut 32:5-6 “**Israel is ontrou** aan die Here, nie meer sy kinders nie, nie geskik vir sy diens nie, vals en korrup. **6** “Doen julle dit die Here aan? Jy is 'n dwase volk, sonder verstand. Is die Here nie jou Vader, jou Skepper, nie? Hy het jou gemaak, jou in die lewe gebring.”

Open 19:11 “Toe het ek gesien die hemel is oop. Daar was 'n wit perd. Sy Ruiters word **die Getroue en die Betroubare** genoem. Met regverdigheid oordeel Hy...”

Maar hoe moet ons leef? Dit is duidelik dat **GETROUHEID** is deel van die vrug van die Gees. Getrouheid is dieselfde woord wat vir geloof gebruik word. Geloof is om absoluut, onvoorwaardelik in die Drie-enige Verbondsgod te glo. Om onvoorwaardelik Jesus Christus as jou Koning en Verlosser te bely. Om die Woord onvoorwaardelik te aanvaar as die betroubare Woord van God.

Wat beteken getrouheid in die alledaagse lewe vir jou?

- Dit beteken om wat jou woord gestand te doen.
- Jou opregtheid en getrouheid en betroubaarheid kom na vore in wat jy sê, dink en dan doen.
- Mense moet kan sien dat jy getrou is aan jou woord en aan jou eie ek wat jy glo en bely.
 - Dan sal hulle jou geloofwaardig ag.
 - Dan kan hulle sien wie en wat jy is en kan hulle op jou staatmaak.
- Is jou ja altyd jou ja? Doen jy wat jy sê jy gaan doen? Is jy getrou?

Getrouheid het te doen met die verbond van God. God het ‘n verbond met ons gesluit. God het belowe dat Hy vir ons ‘n God sal wees en ons moet ‘n volk wees vir Hom. Ons het gelees in **Deut 30:4** “**Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar.**”

God is getrou. Ons kan altyd op Hom vertrou. Wat Hy sê doen Hy. God het gesê dat Hy die onreg en sonde gaan straf. Hy het dit gestraf.

Maar nou kom die evangelie. Nou kom die blye boodskap. As ons ontrou is God bly getrou. God sal nooit laat vaar die werke van sy hande nie. Wat God belowe het staan vas. God het sy genade beloof aan almal wat Hom liefhet en in Jesus Christus glo.

God se genade is ontsettend groot. Elkeen wat Jesus Christus bely en in opregtheid en erns streef om in getrouheid te lewe, is gered. Maar geliefdes hierdie getrouheid en genade van God is nie 'n iets wat ons moet misbruik om nou sonde te doen nie. Paulus het gesê in Rom 6:1 “Sal ek nou maar aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? Nee, beslis nie.” sê Paulus. Hou ons aan met sonde doen? Ja, jy en ek doen elke dag sonde. Jy en ek maak elke dag die sonde meer en meer en meer.

Getrouheid kom nie vanself nie. Daarom het God die Heilige Gees gestuur om ons te lei. Ons moet elke dag bid. Ons moet elke dag streef na getrouheid, al is dit ten koste van jouself. Ek moet getrou wees. Ek moet betroubaar wees. Ja ek moet altyd getrou wees ook teenoor hulle wat ontrou is. Want ek moet die lig van Christus laat skyn. Ek moet 'n lewende brief en getuie van Christus in die wêreld wees.

Dit gebeur nie outomaties nie. Daarom moet ons bid elke dag bid en vra vir leiding en genade. Ons moet elke dag bid en vra vir inwoning en leiding en vervulling van die Gees.

Wyle ds. Herman Grobler het by die verklaring van getrouheid gesê:

“Na die Tweede Wêreldoorlog was daar in Nederland 'n bekende spreuk:

(Grobler HJM.1999 Die diep bedding wat baie water vat. 148)

“O God, bekeer die wêreld maar begin by my.

Sou 'n mens dit nie weer kon sê nie:

God, maak die wêreld betroubaar, maar begin by my?”

Amen (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)